NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 43

30 November 2023

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Die beste lê nog voor...

***Dankie, Dominee, dit was 'n mooi preek,*** **hoor die predikant.** ***Dit is 'n plesier, maar die eer kom my nie toe nie, dit was die werk van die Heilige Gees. Wel,*** **kom die antwoord,** ***dit was nie só goed nie!***

Dit kan die mat onder enigeen se voete uitruk – as jou voete op die mat is en nie op die Rots nie...

2023 was veronderstel om die groot herstel- en herboujaar te wees. Dalk het die jaar nie aan jou verwagtinge voldoen nie – maar met jou voete stewig op die Rots, maak dit nie saak nie. Terwyl die jaar nou flink besig is om klaar te maak met ons, moet ons begin klaarmaak met die jaar – want voor jy jou oë uitvee, is 2024 ook verby. Meestal is die lewe mos net soos om 'n tiener groot te maak: Die dae is lank, maar die jare is kort...

Die wiel draai en draai. Of jy jouself op die bodem van 'n put of op die kruin van die golf bevind, jy gaan waarskynlik nie lank daar bly nie. Net soos goeie tye, hou slegte tye nie vir altyd aan nie. Maar, goed of sleg, die lewe word vorentoe geleef, nie agtertoe nie. En daar is nog 100% van die res van jou lewe oor – gebruik dit!

Ek lees iewers dat Paul McCartney sy *Yesterday*, amptelik die 20ste eeu se grootste treffer, eers vir die sanger Chris Farlowe aangebied het wat dit dadelik onbeïndruk van die hand gewys het. Die Beatles neem dit toe self op. Hoe graag sou Farlowe nie nog 'n kans met *Yesterday* wou hê nie – maar helaas. Die res van ons het geen rede om na gister te hunker nie. Laat elke dag agter waar dit hoort – in die verlede. Beur dan meedoënloos vorentoe, ten spyte van die uitdagings. Jy sal nêrens kom as jy stop om klippe te gooi na elke hond wat vir jou blaf nie.

In die fliek *Cast Away* speel Tom Hanks die rol van die enigste oorlewende van 'n vliegongeluk. Op 'n verlate eiland voer hy 'n verbete stryd om aan die lewe te bly. Op 'n dag sê hy: *Ek weet wat ek moet doen. Ek moet aanhou asemhaal en nie moed opgee nie; môre kom die son weer op en wie weet wat met die gety gaan uitspoel.*

In die nag lyk alles onheilspellend, maar *agter die gordyne begin die dag dans met 'n pouveer in sy hoed*, aldus Ingrid Jonker. In die woorde van die digter van Psalm 30: *Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer.* Ongeag wat gister en eergister gebeur het, jou beste dae en jou beste jare lê voor jou. Die grootste verrassings lê nog en wag. Begin daarom elke dag asof dit die heel beste dag van jou lewe gaan wees. Eendag gaan jy reg wees.

Ons hoef nie presies te weet wat 2024 gaan oplewer nie – al wat ons nodig het om te weet, is dat God in beheer van elke dag gaan wees. Gaan elke dag positief tegemoet en jy sal gou besef niemand is teen jou nie; ander mense is maar net te betrokke by hul eie probleme om elke dag jóú ego te streel. Gaan die toekoms positief tegemoet en jy sal meer en meer ondervind die lewe is jou vriend en nie jou vyand nie. Sluit 2023 af met 'n dankbare hart en gaan 2024 positief tegemoet met jou voete op die Rots. Jy mag dalk net aangenaam verras word...

Die redaksie se Kerswens vir elke leser van *Blitspos* is oorvloedige vreugde, vrede en verwondering – wat dan ook die hele 2024 bly talm.

**Dr Johan van Staden**
**Redakteur: *Die Hervormer* en *Blitspos***

***** Hierdie is die laaste uitgawe van *Blitspos* vir 2023. Die eerste uitgawe van 2024 verskyn op Donderdag 18 Januarie.**



Johan Hattingh

## Kersboodskap van die bedryfshoof

**Ons kyk terug en is dankbaar. Ons kyk vorentoe en is hoopvol. Ons kyk boontoe en is gerus.**

2023 was 'n reis van uitdagings en suksesse en elke tree wat ons gegee het, skets 'n verhaal van waar ons was en waarheen ons op pad is. Die eerste jaar na 'n Algemene Kerkvergadering is altyd 'n besige, vol en moeilike jaar! Dit was 'n jaar van beplanning om die besluite van die 73ste AKV tot uitvoering te bring.

Ons het saam gewerk deur die uitdagings om uiteindelik die suksesse te vier. Dankie vir elkeen se harde werk, toewyding, geduld en bydraes gedurende die jaar.

Ons kyk terug en is dankbaar. Ons kyk vorentoe en is hoopvol. Ons kyk boontoe en is gerus. Met hierdie dankbaarheid teenoor mekaar, vreugde in ons siel en gerustheid in ons hart kan ons dan op ons knieë gaan en dankie sê vir alles wat ons kon doen en nog mag doen.

In die Kerstyd word ons herinner aan die waarde van vrede, liefde en saamwees met ons geliefdes. Laat ons hierdie gees in ons harte dra en die fees van Lig vier. My wens is dat elkeen omring sal wees van hul geliefdes, en mag die nuwe jaar voorspoed en groei vir elkeen bring.

Saam sien ons uit na 2024, 'n nuwe jaar vol sukses en voorspoed, en ons is dankbaar om dit met so 'n toegewyde span te kan aanpak om aan die gemeentes en hul ampsdraers diensbaar te wees.

'n Onbekende persoon het gesê: *Die lekkerste plek om te wees, is in iemand se gedagtes. Die beste plek om te wees, is in iemand se gebede, en die mooiste plek om te wees, is in iemand se hart.*

Mag jy hierdie Kersfees op al drie plekke gelyk wees!

**Johan Hattingh**
**Bedryfshoof: Sinodale Dienssentrum**

## Lief en leed

- Deur die jaar verneem ons van die **lief en leed van ons mense**. Soms is daar die versoek dat geen inligting daaroor geplaas moet word nie, maar dit verhoed nie dat daar steeds voorbidding gedoen word nie. Ons deel in mekaar se verdriet en stryd, en in mekaar se vreugdes. Aan al ons lidmate en lesers bring ons graag hierdie bemoedigende grepe uit **Psalm 27 van die 2020-Bybelvertaling**:

  *Die Here is my lig en my redding – vir wie sal ek vrees?*
  *Die Here is die toevlug van my lewe – vir wie sal ek bang wees?*

  *Luister tog, Here, na my stem wanneer ek roep,*
  *wees my genadig en antwoord my!*

  *My hart eggo u woorde:*
  *"Julle moet my teenwoordigheid opsoek!"*
  *U teenwoordigheid, Here, soek ek op.*
  *Moet u gesig nie vir my verberg nie,*
  *moet u dienskneg nie in toorn wegwys nie.*
  *U was my helper, moet my nie verstoot of verlaat nie,*
  *God wat my red.*

  *As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal beleef*
  *in die land van die lewendes nie!*
  *Wag op die Here!*
  *Wees sterk en hou moed,*
  *ja, wag op die Here!*



Ds Peet en Daleen Swanepoel

- Ons het pas verneem dat **ds Peet Swanepoel** (69), emeritus/Nkana, malaria opgedoen het. Hy is opgeneem in die intensiewesorgeenheid van ’n hospitaal in Lusaka. Ons bid hom spoedige herstel toe, en baie sterkte vir hom en sy vrou, Daleen.

- Die Kommissie van die AKV wil graag hul opregte dank betuig teenoor die Kerk se **emeriti en hul gades** vir die goeie werk wat hulle oor dekades gedoen het.



Prof Andries van Aarde

- Die Kommissie bedank **prof Andries van Aarde** vir 38 jaar se diens as hoofredakteur van die *HTS Teologiese Studies*. In hierdie tyd het hy die *HTS* uitgebou tot die vyfde grootste vaktydskrif vir teologie in die wêreld. Hy tree aan die einde van 2023 finaal uit as hoofredakteur, en die redaksionele raad van die *HTS Teologiese Studies* is tans besig met die proses om vir hom ’n opvolger aan te wys.



Dr Johan Bester



Ds Danie Taljard

- Baie geluk aan **dr Johan Bester** (Randfontein Midpark) en **ds Danie Taljard** (Sionshoogte), wat pas die Gevorderde Kortkursus in Bestuurstrategie van die NWU se Sakeskool geslaag het. Dit is ’n jaarkursus.



- Op Donderdag 23 November het **prof Tanya van Wyk** die **Romeense Parlement op uitnodiging toegespreek** binne die breë **tema van menseregte**. Sy is onlangs as *senior fellow* by IPSEC (Institute for Peace Studies in Eastern Christianity), wat by Harvard Divinity School (VSA) geleë is, benoem. Die direkteur van IPSEC, dr Marion Simion, het vanjaar ses weke gedurende Maart en April as prof Van Wyk se navorsingsgenoot in Suid-Afrika deurgebring en publieke lesings aangebied. Die uitnodiging aan prof Van Wyk om deel te wees van die een dag lange konsultasie aan die Parlement oor menseregte spruit uit hierdie samewerking. IPSEC hou jaarliks in samewerking met die Senaat en Laerhuis van die Romeense Parlement ’n konferensie oor menseregte. Vanjaar was die tema *Confirming Freedom and Human Rights in the Context of Global Crises: Education and Digitilisation*. Prof Van Wyk het met die lede en academici wat teenwoordig was, gepraat oor *Default settings? Contemplating women’s lived experiences amid algorithms*. **Op die foto** verskyn prof Van Wyk op die skerms in die Roemeense Parlement.



- **Die SP Engelbrecht-museum bid almal ’n geseënde Kersfees en ’n suksesvolle 2024 toe.** Links onder is die wiegie en pop wat Gemeente Noordelike Pretoria jare lank gebruik het in ’n krip- en staltoneel. Dis ’n houtwiegie en ou pop toegedraai in linne en ’n chenille bedsprei soos wat Ouma gehad het. Chenille kom van ’n Franse woord wat “harige wurm” beteken. Dis daardie beddekens waaroor kindertjies raas gekry het as hulle dit uitgepluis het!

- **Die volgende predikante verjaar tot 19 Januarie 2024, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 30 November: Ds JF (Jan) Wilson (68) (emeritus)
  - Vrydag 1 Desember: Prof Y (Yolanda) Dreyer (67) (emeritus / Nederlandssprekende Gemeente)
  - Saterdag 2 Desember: Ds JPJ (Kalla) Fourie (75) (emeritus)
  - Sondag 3 Desember: Dr SM (Sanrie) de Beer (54) (Philadelphia)
  - Woensdag 6 Desember: Ds L (Lana) van Rensburg (40) (Koedoesrand)
  - Vrydag 8 Desember: Di M (Markus) Pretorius (37) (Eendracht/Kriel) en (Susan) van Schalkwyk (63) (siekte-emeritaat)
  - Maandag 11 Desember: Ds CJ (Johan) Bezuidenhout (61) (emeritus) en dr GCJ (Gerhard) Nel (57) (Horison Roodepoort)
  - Dinsdag 12 Desember: Ds MJ (Martin) Fouché (65) (Riebeeckstad/Virginia)
  - Woensdag 13 Desember: Di JP (Johan) du Preez (53) (ampsvoorreg/nie-diensdoende) en A (Annézel) Meiring (38) (beroepafwagtend)

- Donderdag 14 Desember: Ds G (Gustav) van Zyl (36) (Phalaborwa)
- Saterdag 16 Desember: Di JC (Johann) Marnewick (60) (Johannesburg-Wes), M (Martin) Meyer (58) (Secunda/Trichardtsfontein) en C (Charlene) van der Merwe (53) (beroepafwagtend)
- Maandag 18 Desember: Ds JJC (Ogies) du Plooy (83) (emeritus)
- Dinsdag 19 Desember: Ds MA (Marius) Venter (58) (siekte-emeritaat)
- Woensdag 20 Desember Ds PC (Peet) Swanepoel (70) (emeritus/Nkana)
- Vrydag 22 Desember: Ds JH (Jan) van Staden (65) (Bronkhorstspruit)
- Saterdag 23 Desember: Ds FP (Phillip) Horn (63) (emeritus/Bethlehem)
- Donderdag 28 Desember: Ds CM (Corlien) van der Merwe (52) (Hartebeestpoort)
- Vrydag 29 Desember: Dr PJ (Piet) van Staden (78) (emeritus) en ds PR (Philip) Prinsloo (77) (emeritus)
- Dinsdag 2 Januarie Ds WA (Willem) Dreyer (33) (Groot Marico)
- Woensdag 3 Januarie: Ds M (Mari-Louise) Calder (29) (Wonderboompoort)
- Donderdag 4 Januarie: Dr JP (Kobus) Labuschagne (79) (emeritus)
- Vrydag 5 Januarie: Dr C (Christo) Pretorius (55) (Pretoria/Wonderboom-Suid) en prop CD (Charel) du Toit (40) (ampsvoorreg/nie-diensdoende)
- Saterdag 6 Januarie: Ds HF (Hennie) Louw (54) (Drie Riviere)
- Dinsdag 9 Januarie: Ds I (Ivan) Katzke (56) (Bloemfontein)
- Woensdag 10 Januarie: Ds JH (Jan) Kay (70) (emeritus)
- Vrydag 12 Januarie: Di A (Annerie) Conradie (52) (Culembeeck) en DS (Dawie) Jacobs (56) (Dolfynkus/Durban-Suid)
- Saterdag 13 Januarie: Dr FJ (Frikkie) Labuschagne (57) (Sinodaal/SGB/HTK)
- Sondag 14 Januarie: Di J (Japie) Coetzee (73) (emeritus) en CJA (Tony) Simpson (82) (emeritus)
- Maandag 15 Januarie: Di W (Werner) Olivier (55) (siekte-emeritaat) en GJC (Chris) Schoeman (74) (emeritus)
- Woensdag 17 Januarie: Ds CJ van Wyk (57) (Newlands tans, Alberton met ingang van Januarie 2024)
- Vrydag 19 Januarie: Di IM (Retha) Losper (34) (Ogies/Suidoos-Witbank) en MJ (Martin) Slabbert (52) (Philadelphia)


Ds CJ van Wyk



Ds Markus Pretorius

## Gemeentes en bediening

- **Die Sinodale Dienssentrum sluit op Donderdag 21 Desember om 13:00 vir die Kersreses, en heropen op Woensdag 3 Januarie om 07:00 vir 2024.**
- **Ds CJ (CJ) van Wyk** van Newlands (deeltyds) het 'n beroep ontvang na Alberton. Hy het die beroep aanvaar en word op 7 Januarie 2024 daar bevestig.
- **Ds M (Markus) Pretorius** van Eendracht/Kriel het 'n beroep ontvang na Weltevreden.


Dr Willie Strydom

- **Dr WA (Willie) Strydom** (62) se aansoek om vervroegde emeritaat op 31 Desember 2023 is deur die Kommissie van die AKV goedgekeur.
- **Ds K (Kristy) Claassen** (38) (ampsvoorreg/nie-diensdoende) het besluit om van lewenstaat te verander. Die Kommissie van die AKV het haar versoek toegestaan.


Ds Kristy Claassen

- Die Kommissie van die AKV het die bestaande ampsvoorreg van die volgende **beroepafwagtende predikante** verleng: Dr GJ (Gerhard) Niemann, di AC (Anel) Boshoff, JS (Hannelie) Botha, A (Annézel) Meiring, RJ (Rudi) Rust, C (Charlene) van der Merwe en MJ (Marna) van der Westhuizen.
- Die volgende **nie-diensdoende predikante** behou hul huidige ampsvoorregte: Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger, di J (Jackie) Dippenaar, MM (Mari) du Plessis-Manders, IF (Erika) Ferreira, M (Maritza) Oosthuizen, JJ (Joseph) Steÿn, MM (Marike) van der Merwe, S (Sanet) van der Walt, G (Gerrit-Daan) van der Merwe en prop CD (Charel) du Toit.

- "In antwoord op die voorbladartikel van dr Wouter van Wyk in *Blitspos* van 23 November, was dit vir gemeentes **Wonderboompoort (WBP) en Noordelike Pretoria (NP)** 'n historiese geleentheid toe die **samewerkingsooreenkoms** tussen die twee gemeentes Sondagoggend 26 November 2023 na die Kerssangdiens en tydens die gesamentlike gemeentevergadering amptelik onderteken is. Hierdie samewerkingsooreenkoms het al in April 2023 in werking getree, toe die twee gemeentes besluit het op gesamentlike eredienste en vergaderings, na aanleiding van die verkoop van al die kerklike eiendomme van Gemeente Noordelike Pretoria.

  Gelei deur die Heilige Gees en met groot dank aan ons Hemelse Vader wat sy kerk in stand hou, is daar met die opstel van die ooreenkoms sinvol gesprek gevoer tussen die twee gemeentes, en besprekings gehou met die ring van Magalies. Hoewel ons kerk van Christus is, behou elke gemeente in hierdie stadium haar eie identiteit, maar is ons een gesin, waar die *moedergemeente* (NP) haar intrek by die *dogtergemeente* (WBP) gemaak het.

  **Foto's:**
  Ds Mari-Louise Calder (WBP) en ds Robert van Niekerk (NP) onderteken die samewerkingsooreenkoms.

  Die Kommissie van Samewerking: Vlnr oudl Awie Viljoen (WBP), oudl Dewald Jordaan (NP), ds Robert van Niekerk en ds Mari-Louise Calder.

  Daar is al wonderlike vordering gemaak met samewerking ten opsigte van finansiële ondersteuning, die Onderhoudskommissie, kategese, en veral die susters onder mekaar, 'n Sopaand, eteverkope, en dan die heerlike braaibyeenkomste na Nagmaal. Dan is daar ook die tee/koffie en oorvloed eetgoed na elke erediens – en so leer ons mekaar ken. Ook met lief en leed, siekesorg en hulp aan behoeftiges werk ons twee gemeentes nou en *oorkruis* saam.

  Belangrik is dat daar nie afsonderlike eredienste gehou word nie. Ons predikante, ds Mari-Louise Calder en ds Robert van Niekerk, het hul erediensrooster saam opgestel, en staan ook vir mekaar in. Daar mag moontlik in die nabye toekoms wel samesmelting plaasvind, maar ons ouer garde is tog maar nog gesteld op ons eie identiteit. Ons bid daaroor." (Oudl Gerrit de Vries, NP)

- **Gemeente Greylingstad** hou **Sondag 3 Desember om 11:00** hul jaarlikse **Kerssangdiens**. Twee gaskunstenaars sal optree en die diens word voorafgegaan deur 'n Doopgeleentheid. Na die erediens is daar 'n **ete teen R150 per persoon**. Voorafbetaling is nodig om te bepaal hoeveel persone die geleentheid sal bywoon. Kontak ds Fanie Naudé by **naude.fanie@gmail.com**.

- **Werkruimte vir deeltydse bediening: Gobabis.** Gemeente Gobabis beskik oor 'n vakature vir 'n deeltydse predikant, vanaf Januarie 2024. Die predikant moet twee eredienste per maand in Gobabis hou en in die week tussen die twee Sondae die normale pastorale versorging van die gemeente behartig. Die werksaamhede in Namibië is onderworpe aan 'n werkpermit. Die gemeente nooi belangstellende predikante om met die skriba, John Venter, per vonkpos **jventer41@gmail.com** of +264 81 230 6846 te skakel vir meer besonderhede.

- **VAKATURE: Kantoor- en Terreinbestuurder (deeltyds) – Gemeente Pretoria-Oos**

  Na die bedanking van die huidige gemeentebestuurder, word aansoeke ingewag van kandidate om die pos van Kantoor- en Terreinbestuurder te vul.

  **Gemeente**
  Gemeente Pretoria-Oos het drie predikante en is 'n groeiende gemeente met ongeveer 1206 (904 belydende) lidmate. Die visie vir die gemeente is: *Ons gemeente skep ruimtes vir mense in hul diversiteit waar hulle (saam) God kan ontmoet, tot egte aanbidding van God kan kom en Hom in die wêreld kan dien, sodat die lewe in oorvloed kan deurbreek*.

  **Posprofiel**
  Die gemeente is trots op 'n effektiewe administratiewe onderbou wat die Woordverkondiging ondersteun. Die posbekleër is verantwoordelik vir al die administratiewe funksies in die gemeente. Prestasie-areas vir hierdie pos sluit in algemene administrasie, aktiwiteite rondom eredienste, en die bestuur van kantoor- en terreinwerkers en nuwe lidmate.

  **Aansoekerprofiel**
  Die suksesvolle aansoeker moet verkieslik twee jaar ervaring van gemeentelike administrasie hê en moet ten minste oor 'n graad 12- of gelykwaardige kwalifikasie beskik. Werkkennis van die Winkerk administratiewe program sal 'n aanbeveling wees. Sterk oorweging sal ook gegee word aan 'n toegewyde, deeglike en dinamiese persoon wat goed saam met ander in 'n span kan werk en selfgedissiplineerd kan funksioneer. Die kandidaat moet ook 'n goeie kennis van die Kerk se maatskaplike ondersteuningstrukture hê. Die aansoeker moet 'n meelewende lidmaat van die gemeente wees/word en in staat wees om die hart van die gemeente deur die uitleef van die visie van die gemeente uit te dra.

  **Aansoeke sluit op 7 Desember 2023**. Aansoeke moet van 'n volledige CV vergesel wees. Die CV moet die verlangde poservaring duidelik weerspieël. Die aansoek moet per e-pos aan die skriba, Roelf Coertze, by **roelf@pretoriaoos.com** gestuur word.

  Diensaanvaarding sal **1 Februarie 2024** of so spoedig moontlik daarna wees.

  Die vergoeding verbonde aan die pos is op aanvraag beskikbaar.

  Alle aansoeke word vertroulik hanteer. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers aan te stel nie.

- **Vakante pos: Finansiële Beampte**
  **Gemeente Montana**
  Aanvangsdatum: 1 Maart 2024
  Salaris: Onderhandelbaar
  Werkure: Maandag-Vrydag 08:00-13:00, Sondae na kerk,
  bywoning van vergaderings
  **Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Januarie 2024**
  Stuur aansoek na: **hermon@absamail.co.za**
  Posvereistes: Graad 12 met Rekeningkunde;
  rekenaarvaardig in Excel, Word, Sage en Pastel

## Vergaderings in Desember

- Donderdag 14 Desember: Rata Finkom

## Vergaderdatums 2024

**Kommissie van die AKV**
29 Februarie en 1 Maart; 6 en 7Junie; 5 en 6 September; 7 (legitimasie) en 8 November.

**Moderamen**
2 Februarie; 12 April; 10 Mei; 19 Julie; 16 Augustus; 11 Oktober.

## Hervormde Teologiese Kollege

**Geleenthede vir Tydelike Deeltydse Dosente by die HTK**

Ingevolge Besluit 46 van die 72ste Algemene Kerkvergadering asook aanvullende besluite by ander AKV's, is die beginsel bevestig dat die HTK uitgebou moet word. Dit behels dat die hoof van die HTK, in oorleg met die Kuratorium, predikante van die NHKA met 'n nagraadse kwalifikasie sal benoem om as dosente van die HTK op 'n tydelike deeltydse basis behulpsaam te wees met die doseerwerk by die HTK, en om medeverantwoordelik te wees vir die uitbou van Hervormde teologie. Die doel van hierdie benoemings is om toekomstige akademici daar te stel.

Die Kuratorium, in oorleg met die Kommissie van die AKV, het besluit om die volgende deeltydse poste te adverteer:

- Nuwe Testament en Verwante Literatuur;
- Ou Testament en Verwante Literatuur;
- Dogmatiek en Etiek;
- Historiese Teologie; en
- Praktiese Teologie.

Dosente wat by die HTK benoem word, ontvang die volgende opdrag:

- Nuutaangestelde dosente vergewis hulself voortdurend van die groter akademiese diskoers in hul vakgebied. Daar kan in dié verband met dosente aan die verskillende teologiese fakulteite gekonsulteer word.
- Daar word van die onderskeie dosente verwag om jaarliks minstens een artikel in 'n akademiese vaktydskrif te publiseer.
- Lidmaatskap van 'n vakwetenskaplike vereniging en die bywoning van kongresse is 'n vereiste.
- Dosente van die HTK moet werkgemeenskappe in hul betrokke vakgebiede skep om voortgesette navorsing en publikasies te help verseker. Vanuit hierdie werkgemeenskappe word die Kerk ook van teologiese advies bedien.
- Werkgemeenskappe kan op 'n gereelde basis simposiums aanbied waarby soveel moontlik teoloë en belangstellendes uit die Kerk betrek word.
- Daar word verwag dat die dosente, soos nodig, by Voortgesette Teologiese Toerusting (VTT) van predikante betrokke sal wees.
- Die aanbied van lesings by die HTK.

Die benoeming geld vir 'n tydperk van twee jaar, waarna die Kommissie van die AKV in oorleg met die Kuratorium oor 'n nuwe benoemingsproses al dan nie, sal besin. Daar sal ook in oorleg met die hoof van die HTK vir bedryfskoste aan die pos verbonde, voorsiening gemaak word. Voornemende kandidate kan 'n CV aan mev Clarika Hattingh by **ClarikaH@nhk.co.za** stuur waarin onder andere akademiese kwalifikasies, 'n lys van publikasies, onderrigervaring en betrokkenheid by vakwetenskaplike instansies weergegee word.

**Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Januarie 2024** en voorkeurkandidate sal vir 'n onderhoud genooi word. Die beoogde datum van aanstelling is 1 April 2024.

Navrae kan gerig word aan die voorsitter van die Kuratorium, dr Thinus van Staden (084 589 7035), of die ondervoorsitter van die Kuratorium, dr Hein Delport (082 341 7205).

## Kerklike en ander publikasies

- Die **2024 *Almanak/Bybelse Dagboek*** is van die drukker ontvang en is beskikbaar by die Sinodale Dienssentrum se boekwinkel in Derdepoort. Bestellings kan steeds geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.




## Fondsinsamelings

- **Gemeente Silverton**
  **Wen 'n heel lam ter waarde van R3 000**
  Dis die perfekte Kersgeskenk!
  **Van 13 November tot 15 Desember,** wanneer die lootjietrekking gebeur
  Alle fondse ten bate van gemeente se dakfonds
  Koop kaartjie vir R50 en staan 'n kans om die lam te wen
  Net betyds vir die feestyd!

  Ondersteun asb hierdie inisiatief sodat ons ons dak kan herstel. Om 'n lootjie te koop, gaan na **https://forms.gle/bp2UMUFuTAmDvGpS6** en volg die instruksies.

- **Gemeente Ebenhaëzer: Liggiefees 2023**
  **Vrydag 1 en Saterdag 2 Desember**
  Van 16:00 tot laat saans
  Heerlike pret en vermaak vir die kinders
  Smaaklike kos om aan te smul
  Opwindende program van Kers- en gewyde sang
  Dalk 'n opvoering of twee
  Met plaaslike sanggroep Grinadiers
  Gemeentes, lidmate en skole kan gratis deelneem
  Bespreek 'n stalletjie vir die Kersmark:
  R600 vir 2 dae binne, R500 vir 2 dae buite
  Toegang is gratis
  Donasies is welkom en sal vir liefdadigheid aangewend word
  Vir meer besonderhede skakel Mariana van der Merwe (084 745 1054)
  Mirinda Pretorius (083 313 6267)
  Christine Kruger (083 362 8504)

- **Alphonso Theron: Munga-uitdaging**
  Begin 29 November in Bloemfontein en eindig 5 Desember in Wellington
  Poging om R1 000 000 in te samel –
  1 000 persone of instansies wat elk R1 000 skenk

  **https://rata.org.za/alphonso-se-monsteruitdaging/**

  **Elektroniese betalings**
  Rata Maatskaplike Dienste MSW
  ABSA tjekrekeningnommer: 020 600 209
  Takkode: 632005
  Verwysing: MUNGA + Naam

Ride for a child

- **Alphonso en Rata: Uitdaging aan gemeentes, Rata-kantore en besighede**
  **Ry met fiets, draf of stap 1 000 keer om die kerk of kantoor**
  **Saterdag 2 Desember**
  - 10 lidmate wat 100 maal om die kerk gaan
  - 100 lidmate wat 10 keer om die kerk loop of ry
  - Ander idees

  Tree op as borge of skenkers vir deelnemers
  Skenk die totale bedrag aan die Rata Alphonso Monsteruitdaging

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- **NHSV Studieleningsfonds 2024**. Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2024.**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

  Enkelwoonstel (*bachelor*): R495 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000


- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. Deposito van twee maande huur betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Toerusting

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek. Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds YouTube-skakels, PowerPoint-aanbiedings en Word-dokumente van Module I – *Die fasilitering van 'n erediens* **(ds Hannes van der Merwe)**; Module II – *Hoe berei predikante preke voor* **(dr Gerhard Nel)**; en Module III – *Die aanbied van 'n preek* **(prof Yolanda Dreyer)**. **Prof Stephan de Beer** se aanbieding van 29 Mei, *Hoe om jou gemeenskap beter te verstaan*, is ook daar beskikbaar. Laasgenoemde kan ook direk by **https://youtu.be/TnQNNDxzmP4** afgelaai word. Module II – *Die kuns van goeie gesprekvoering* **(dr Johan Bester)** is beskikbaar by **https://youtu.be/VfUgoBXodwA**, *Hoe om lidmate in tye van krisis te begelei* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/dUJ9kXs4Tvw,** en *Siekebesoek en sterwensbegeleiding* **(dr Annelie Botha)** by **https://youtu.be/AcAQ3DrH7yw**. Kry die gevorderde toerusting in Bybelkennis: Ou Testament **(ds Marina Kok-Pretorius)** by **https://youtu.be/wz7AsQqrvrY?si=VDweMoQBXJPny4xT**, en die gevorderde toerusting in Nuwe Testament **(ds Martin Slabbert)** by **https://youtu.be/K20IZchTaUo**.




## Studentesake

- **Gemeente Stellenbosch: Eerstejaarskamp.** Is jy 'n Matie in 2024? Kom kamp dan saam van **Sondag 28 tot Dinsdag 30 Januarie 2024**. Leer mekaar ken, leer die omgewing ken en kom geniet dit net. Koste: R400 per persoon. Kontak dr Chris le Roux by **cleroux@mweb.co.za** of 079 495 3239 vir meer besonderhede.

- **Gemeente Potchefstroom-Studente: Eerstejaarskamp**
  **30 Januarie – 2 Februarie 2024**
  By Venterskroon-kampterrein
  Kry inligtingsvorm vir jou besonderhede
  **https://forms.gle/qZZrekn4VbZ6GFzH6**
  Vir meer inligting, skakel dr Rudy Denton by 082 459 9710

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Gelofteweek by die Voortrekkermonument

- Die **Voortrekkermonument (VTM)** hou van **9 tot 16 Desember Gelofteweek**, met prettige aktiwiteite vir die hele gesin. Van 8 tot 15 Desember sal die VTM tot 22:00 oop wees. Vanaf 9 Desember tot die aanloop tot Geloftedag op 16 Desember gaan die VTM elke aand om 19:00 **die Gelofte** aflê. Kom ervaar die geleentheid by die Lewende Laer, en kom kyk ook hoe maak Kanon Susanna haar stem dik – en dit nogal in die aand! Verder sal daar markte, Volkspele en Boeredanse wees, ’n verskeidenheid toneelstukke, gaskunstenaars, kinderaktiwiteite, nagtoere, liplek-lekker maaltye by ons restaurante en vele meer. Kom doen jou Kersinkopies by ons meer as 100 stalletjies by die **Mark op die plein, Kersmark en ProPatria-mark** wat elke dag tydens die Gelofteweek uitstal, of besigtig die **kunsuitstalling binne die Monument** en stap deur ons Vrijheidsreis tot binne ons liggietuin. **Gaskunstenaars:** Elandré (9 Des); Bernice West (11 Des); Ricus Nel (12 Des); Liezel Pieters (13 Des); Jay du Plessis (14 Des); Juanita du Plessis (15 Des). Registrasies vir Geloftedag is nou oop. Elke volwassene moet asseblief registreer. Gaan na **https://vtm.org.za/gelofteweek-2023/** en vul die vorm op die webtuiste in. Gaan na **www.vtm.org.za** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Ek wens vir jou ’n Kersfees...

Vanaand gesels ek deurnag met die man in die maan.
Maak grappe en lag en skielik vra hy, wat gaan daar aan?
Want van waar ek kyk kry die wêreld so seer.
Hy vra toe ons vergeet van die Kindjie ons Heer?
En ek sê nooit.
Nee nooit.

*Ek wens vir jou ’n Kersfees vol vrede soos dit hoort.*
*Ek stuur vir jou geskenke toegedraai in hoop.*
*Ek wens vir jou genade, ’n seëning elke dag.*
*Ek bid jy slaap in liefde.*
*Ek bid jy slaap in liefde elke nag.*

Ek vra hom oor die nag toe die ster langs hom verskyn.
Hy sê dat daardie lig steeds in ons kan skyn.

En op daai mooiste nag kon jy kinderstemme hoor,
engele wat juig, die wêreld hoor.
En ek sê prys,
prys sy Naam.

*Ek wens vir jou 'n Kersfees vol vrede soos dit hoort.*
*Ek stuur vir jou geskenke toegedraai in hoop.*
*Ek wens vir jou genade, 'n seëning elke dag.*
*Ek bid jy slaap in liefde.*
*Ek bid jy slaap in liefde elke nag.*

Ons vra vir 'n land in harmonie, 'n vrede wat weerklink.
'n Dreuning wat steeds sterker word en ons in vrede bind.

*Ek wens vir jou 'n Kersfees vol vrede soos dit hoort.*
*Ek stuur vir jou geskenke toegedraai in hoop.*
*Ek wens vir jou genade, 'n seëning elke dag.*
*Ek bid jy slaap in liefde.*

Ek wens vir jou 'n Kersfees vol vrede soos dit hoort...

**André Schwartz**




NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk